

## HOE OM 'N EENVOUDIGE VIDEO MET JOU SELFOON TE MAAK

Ons leef in 'n visuele era waarin klank en beeld al hoe meer 'n belangrike rol speel. 'n Komplekse boodskap kan baie effektief met 'n foto of video oorgedra word.

Die meeste slimfone is klein wonderwerkies as dit kom by hul vermoë om 'n video te maak.

### Werk met 'n plan

'n Kort video moet baie goed beplan word. Hoe korter, hoe beter moet die plan wees. Die volgende wenke kan help:

- Wat is die kern van die boodskap wat die video moet oordra? Die inhoud (tonele en klank) moet hierby inpas.
- Wie is die sleutelspelers wat 'n bydrae moet maak? Wie moet iets sê? Wie moet iets doen? Wie moet inligting of beeldmateriaal (bv foto's) verskaf?
- 'n Storie moet 'n begin en 'n einde hê, met 'n ontplooiing in die middel. Besluit dus waar gaan jy die storie begin vertel, en waar jy eindig. Wat gaan die openingstoneel wees, wat die slottoneel, en wat gaan die kern van die storie opmaak.
- Hier is 'n goeie voorbeeld van 'n eenvoudige dog treffende storie:  
<https://www.youtube.com/watch?v=9UJuRyM1gNg>

### Klank

Die klankgehalte van 'n video is uiters belangrik. Mense sal jou nog swak beeld vergewe, maar swak klank is 'n doodskoot. Vandaar die volgende wenke:

- Vermy windgeraas op jou mikrofoon. Moenie in sterk wind afneem nie, veral nie wanneer jy 'n spreker opneem nie. Soek 'n windstil-ruimte op as jy buite moet afneem, of gaan binne toe.
- Hoe die mikrofoon, dus die selfoon, so naby prakties moontlik aan die spreker. So 40 cm is 'n goeie afstand.
- Vermy ook ander agtergrondsgeraas. Dit kan treffend wees om iemand in 'n raserige konteks af te neem ter wille van die boodskap wat jy wil oordra. Dink aan 'n skooljuffrou wat deur haar Graad 1 klas op die speelgrond omring word. Moet egter nie 'n spreker probeer opneem terwyl die prettige rumoer aan die gang is nie.
- Moe tussenwerpsels maak terwyl jy iemand opneem nie.

### Beeld

Die beeld is natuurlik ook belangrik. Hier is 'n paar wenke:

- Skiet in die meeste gevalle horisontaal en sorg dat die agtergrond die storie help oordra.
- Kyk na die agtergrond. Dit moenie te besig wees of met die hoofonderwerp kompeteer nie. Vermy 'n lamppaal agter die spreker, wat gaan lyk of dit uit die spreker se kop groei. Die regte agtergrond kan die spreker se woord komplementeer.
- Gebruik liefste sagte lig as jy 'n persoon afneem, bv iewers in die skaduwee van 'n gebou, eerder as harde lig soos direkte sonskyn met sterk skaduwees oor die persoon se gesig.

- Probeer die kamera so stil as moontlik hou. As jy met 'n selfoon skiet, hou die foon met beide hande 'n klein entjie van jou gesig, elmoë teen jou lyf vir stabiliteit. Niemand is nog ooit afgedank weens gebruik van 'n driepoot nie. Mens kry oulike driepote vir 'n selfoon. Vermoë skielike of rukkerige kamerabewegings.
- Hou jou video eenvoudig en kort.
- Probeer is die beste geweer. Sorg dat jy baie oefening kry (gebruik jou kamera!) en leer uit jou foute. Eksperimenteer en wees eerlik oor wat nie werk nie.

Wat video betref, word tussen A-rol en B-rol onderskei. Die A-rol is die gesprek wat jy met iemand voer. B-rol is skote van agtergrondsmateriaal wat "ingesny" word terwyl die spreker praat. Iemand kan bv gesels oor 'n groenteprojek. Terwyl die persoon praat, word beeldmateriaal oor die groentetuin ingevoeg (dit kan ook stil foto's wees). Om A- en B-rol te gebruik, moet jy ietsie meer weet oor videoredigering.

### **Lengte**

'n Kortere video is altyd beter as 'n langer video. In die meeste gevalle werk 90 sekondes baie goed. Kom vooraf ooreen dat die persoon met wie jy gesels kort en op die punt af gaan praat. Jy kan ook gedeeltes wegsny van wat die persoon gesê het sodat net die essensie oorbly.

### **Kombineer foto's en video's**

Daar is pragtige voorbeelde van video's wat net met foto's en 'n paar byskrifte gemaak word.

### **Redigering**

Dis 'n goeie dissipline om kort skote video met jou selfoon te skiet. Maak dit oop in 'n app of program. Beide Android en iOS het gratis apps waarmee mens jou foto's en videomateriaal tot 'n video kan verwerk.

Daar is ook gratis sagteware beskikbaar. Kyk aanlyn na [www.animoto.com](http://www.animoto.com). Adobe het ook 'n goeie opsie: <https://spark.adobe.com/make/video-maker/>.

Ander sagteware is Filmora Video Editor (<https://www.iskysoft.us/lp/filmora-video-editor/movie-maker.html>). Windows Movie Maker is ook beskikbaar, hoewel dit nie langer as standaard by baie Windows 10 installasies ingesluit is nie. Jy kan dit egter gratis aflaai en installeer. Google die verskillende opsies en kyk waarvan jy hou.

In feitlik alle gemeentes sal daar lidmate wees wat vaardig is met video-redigering. As jy 'n plan opstel van die volgorde waarin jy skote wil plaas, sal hulle meer as genoeg oor die onderwerp weet om jou by te staan.